education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 10

## DRAMATIESE KUNSTE

## MODELVRAESTEL - 2006

**PUNTE: 100**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit VYF vrae.

2. Beantwoord enige TWEE van die vyf vrae.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Gebruik die TIEN-minute-leestyd om al die vrae te lees en die TWEE vrae te kies wat jy gaan beantwoord.

5. Gee aandag aan die aantal punte wat elke vraag tel.

6. Alhoewel klaskamerkennis noodsaaklik is om die vrae te beantwoord, sal onafhanklike en kreatiewe denke, sowel as toepassing van vaardighede, kennis en waardes tot jou voordeel wees.

7. Skryf netjies en leesbaar.

**VRAAG 1: *Have You Seen Zandile?* deur GCINA MHLOPE**

Read the following extract and then answer the questions that follow:

OLD WOMAN : She would have been proud to see you, So tall and beautiful. How old are you now Mntanomntanami?

ZANDILE : Eighteen.

OLD WOMAN : Eighteen!

ZANDILE : Did she say I must take the suitcase?

OLD WOMAN : *(Nods)* She said it was yours, and she Asked me to give you the key…..here. I will leave you now. (*Exits)*

*Zandile is on her own in a pool of light Very quiet, very separated from her surroundings*. *She opens the suitcase and takes out all the little Parcels that her grandmother has been putting away For her through all the years. Zandile holds each of them For a moment, before laying them gently to one side. At the bottom of the suitcase she finds a dress, takes it out And holds it up against herself. It is a little girl's dress, Which barely reaches beyond her waist. She puts it down, Reaches for a second dress and holds it against Her body. She then holds all three dresses closely to her, Hugging them and sobbing.*

*The lights slowly fade to black….*

1.1 Na wie verwys 'she' in reël 1? (1)

1.2 Zandile word van haar ouma geskei. Gee 'n volledige verduideliking hoe dit gebeur het. (3)

1.3 Jy moet die regie van *Have you seen Zandile?* behartig. Skryf 'n karakterbeskrywing van Zandile wat 'n akteur sal help om die rol te vertolk. (6)

1.4 Zandile se lewe verander dramaties wanneer sy van Hammanskraal na die Transkei trek. Beskryf die veranderinge in haar lewe met betrekking tot:

1.4.1 Fisiese omgewing
1.4.2 Ekonomiese omgewing
1.4.3 Sosiale verwagtinge (3 x 3) (9)

1.5 Die rol van die ouma is van kardinale belang in ons samelewing. Bespreek die verhouding tussen Zandile en haar ouma na aanleiding van hierdie stelling. (5)

Kopiereg voorbehou

1.6 Lulama (Zandile se ouma) probeer om haar van mense se kultuur en tradisies te leer en leer ook die gehoor op hierdie manier. Wat het jy in jou studie van die drama van die Xhosa-kultuur en -tradisies geleer? (3)

1.7 Gee 'n kort definisie van die term *ritueel*. (3)

1.8 Noem TWEE redes waarom rituele opgevoer word. (4)

1.9 Rituele het 'n spesifieke doel binne 'n seremonie. Bespreek kortliks TWEE van hierdie eienskappe. (2 x (4)

1.10 Wat is die belangrikheid van rituele vir mense in 'n moderne samelewing? Gee duidelike redes vir jou antwoord. (4)

1.11 Om die rol van Zandile te vertolk, moet 'n aktriese 'n asemhalingsmetode gebruik wat haar spraak kan ondersteun.

1.11.1 Wat noem ons hierdie asemhalingsmetode? (2)

1.11.2 Watter probleme kan voorkom as hierdie asemhalingsmetode nie gebruik word nie? (2)

1.12 'n Akteur moet fisies en vokaal (stem) ontspanne wees voor 'n optrede op die verhoog.

1.12.1 Gee redes waarom dit belangrik is vir die stem om ontspanne te wees. (2)

1.12.2 Beskryf 'n oefening wat 'n akteur kan doen om te ontspan voor 'n opvoering. (2)

**[50]**

## VRAAG 2: *Ons Dorp* DEUR THORNTON WILDER

2.1 Bespreek die titel van die dram, *Ons Dorp* en die betekenis wat dit vir 'n gehoor kan hê. (4)

2.2 Die verhoogbestuurder is die verteller in die drama. Bespreek VYF funksies van die verhoogbestuurder en motiveer jou antwoord met verwysing na die drama. (10)

2.3 *Emily is 'n tiener. Sy het drome en vrese. Sy het lief, leef en leer totdat sy sterf.*

Stem jy met hierdie stelling saam? Motiveer jou antwoord deur verwysings na spesifieke voorbeelde uit die drama. (10)

2.4 Die stel en inkleding van die drama is ongewoon.

2.4.1 Verduidelik wat die dramaturg se bedoeling was om hierdie inkleding en stel te gebruik.

2.4.2 Is dit na jou mening effektief? (6)

2.5 Die Suid-Afrikaanse teater het sy wortels in 'n gemeenskap waar almal in die proses en die produk van 'n opvoering ingesluit is.

2.5.1 Beskryf die werkswinkelproses om 'n produksie te skep
2.5.2 Verduidelik hoe die proses inklusiwiteit van alle deelnemers bevorder. (10)

2.6 Lees die volgende uittreksel oor 'n leerder se praktiese aanbieding en beantwoord die daaropvolgende vrae.

*Nicole stap gespanne na vore met 'n stuk papier in haar hand.*
*Sy begin haar gediggie saggies opsê met geboë skouers en 'n ineengesonke houding. Terwyl sy na die vloer begin kyk, begin sy huiwerig -*
*ons kon die papier in haar hand sien bewe.*
*'Hulle sê daar ... was ... spoke in die huis, maar ons het gelag ... maar ons het gelag vir hulle en gesê ... ha ha ons het nie ... nog nie van sulke nonsens soos spoke wat grom, gehoor nie en, en, ...*
*Ek is jammer juffrou, ek het vergeet.'*

2.6.1 Noem DRIE probleme wat Nicole tydens haar praktiese assessering ervaar. (3)

2.6.2 Watter raad sal jy vir haar gee om haar stemwerk te verbeter? (2)

2.6.3 Wat sê 'geboë skouers' en 'ineengesonke houding' van haar houding? Verduidelik wat die uitwerking hiervan op haar optrede sal wees. (3)

Kopiereg voorbehou 

2.6.4 Watter raad sal jy aan Nicole gee om haar te help om haar woorde te onthou vir haar optrede? (2)

**[50]**

**VRAAG 3: ANTIEKE GRIEKSE TEATER**

3.1 Bespreek die funksie van die koor in die Griekse teater. Verwys na die Griekse drama wat jy hierdie jaar bestudeer het. (5)

3.2 Dit is die vyfde eeu voor Christus en jy is 'n Griekse akteur wat die rol van die tragiese held/heldin in 'n bekende Griekse tragedie vertolk.

3.2.1 Wat is die naam van die tragiese held/heldin wat jy gaan vertolk?

3.2.2 Beskryf die eienskappe van die tragiese held wat jy in ag moet neem wanneer jy jou vir die opvoering voorberei. (10)

3.3 Teken 'n basiese diagram, met byskrifte, van die Antieke Griekse teater. (5)

3.4 Dramatiese ironie veroorsaak spanning in drama. Stem jy saam met hierdie stelling? Motiveer jou antwoord met verwysing na voorbeelde uit die Griekse drama wat jy bestudeer het. (5)

3.5 Bespreek die gebruik van kostuums in die Antieke Griekse teater. Jy mag van sketse gebruik maak om jou antwoord te illustreer. (5)

3.6 Jy beoordeel by 'n interhuis-dramafees by jou skool en moet terugvoering oor die volgende spraakfoute wat voorgekom het, gee:

3.6.1 Mompel
3.6.2 Asemrige stemtoon
3.6.3 'n Té sagte stem

Stel TWEE oefeninge voor om hierdie spraakfoute te verbeter: (6)

3.7 Lees die onderstaande uittreksel en verduidelik hoe jy en een of twee groeps-lede dit sal aanbied. Verwys na die volgende in jou bespreking:

3.7.1 Gebruik van stem om te karakteriseer (4)
3.7.2 Gebruik van die liggaam om te karakteriseer (4)
3.7.3 Gebruik van tempo - verwys na voorbeelde uit die uittreksel (2)
3.7.4 Gebruik van pousering - verwys na voorbeelde uit die uittreksel (2)
3.7.5 Gebruik van projeksie - verwy sna voorbeeld euit die uittreksel (2)

'Haai, my spaghetti beweeg!' het mnr. Twit uitgeroep terwyl hy sy vurk daarin steek. 'Dit is 'n nuwe soort', het mev. Twit gesê, terwyl sy 'n mondvol eet wat natuurlik geen wurms in het nie. 'Dit word wriemelende spaghetti genoem. Dit is heerlik. Eet dit op terwyl dit lekker warm is.' 'Dit is nie so lekker soos die gewone soort nie', het hy met sy mond vol gesê. 'Dit is te wriemelend.' 'Ek dink dat dit baie lekker is', het mev. Twits gesê. Sy het hom dopgehou van die ander punt van die tafel. Dit het haar groot plesier gegee om te sien hoe hy wurms eet. 'Ek vind dit taamlik bitter', het mnr. Twit gesê. 'Dit het 'n definitiewe bitter smaak. Koop die ander soort volende keer.

Uit: *The Twits* by Roald Dahl **[50]**

## VRAAG 4: SUID-AFRIKAANSE TEATER MET 'n SPESIFIEKE AGENDA

4.1 Bespreek die betekenis van die naam van die protagonis in die drama wat jy bestudeer het. (1)

4.2 Wat beskou jy as die hoofuitdagings om die drama wat jy bestudeer het, op te voer? (3)

4.3 Jy doen die regie van die drama wat jy bestudeer het. Gee 'n karakterbeskrywing van die protagonis en die antagonis om die akteurs te help wat hierdie rolle vertolk. (6)

4.4 Wat is die algemene eienskappe van taal wat in teater gebruik word? (6)

4.5 Wat is die funksie van musiek in teater? (3)

4.6 Terwyl karakters mekaar leer oor kultuur en tradisie binne die drama, kry die gehoor ook 'n kan som opgevoed te word. Wat het jy geleer oor die inheemse kennis van die drama wat jy bestudeer het? (5)

4.7 Verduidelik wat *ritueel* is. (4)

4.8 Gee enige TWEE redes waarom mense aan seremonies deelneem en rituele beoefen. (4)

4.9 Gee enige TWEE eienskappe wat gemeenskaplik tot alle rituele is. Bespreek enige TWEE van hierdie rituele. (4)

4.10 Waarom vind sommige mense in die stedelike omgewing dit belangrik om aan sekere seremonies deel te neem en om rituele uit te voer? (5)

4.11 Asemhaling is 'n belangrike vaardigheid wat 'n akteur moet bemeester gedurende sy/haar opleiding.

4.11.1 Watter asemhalingsmetode is geskik vir toneelspel? (2)

4.11.2 Watter probleme kan voorkom as hierdie as hierdie asemhalingsmetode nie gebruik word nie? (2)

4.12 'n Akteur moet fisies, vokaal (stem), emosioneel en geestelik ontspanne wees voor 'n optrede op die verhoog.

4.12.1 Gee redes waarom dit belangrik is vir die stem om ontspanne te wees. (2)

4.12.2 Beskryf 'n oefening wat 'n akteur kan doen om te ontspan voor 'n opvoering. (3)

**[50]**

## VRAAG 5: INHEEMSE TEATER

5.1 Verduidelik, in jou eie woorde, wat *inheemse kennisstelsels* is. (2)

5.2 Verduidelik wat jy onder die volgende TWEE terme verstaan. Gee ook 'n voorbeeld van elk:

5.2.1 Populêre kultuur (2)

5.2.2 Inheemse kultuur (2)

5.3 Inheemse seremonies is teatrale opvoerings waaraan baie mense steeds deelneem.

5.3.1 Bespreek ten minste EEN inheemse seremonie in 'n kort paragraaf. (10)

5.3.2 Hoe sal jy 'n teaterproduksie van 'n inheemse seremonie (soos in VRAAG 5.3.1 bespreek) opvoer volgens oorspronklike tradisionele konvensies? (6)

5.3.3 Wie beskou jy as die hoofkarakter/akteur in die inheemse seremonie wat jy in VRAAG 5.3.1 bespreek het? Gee DRIE redes vir jou antwoord. (4)

5.3.4 Noem ten minste VYF rekwisiete wat gebruik kan word in 'n opvoering van die inheemse seremonie wat jy in VRAAG 5.3.1 bespreek het. (5)

Kopiereg voorbehou 

5.4 'n Pryssanger begin gewoonlik op 'n afstand optree. Waarom, dink jy, is die volgende vir die pryssanger belangrik:

5.4.1 Ruimte
5.4.2 Verhewe spraak ('Heightened speech') (6)

5.5 Bespreek kortliks wat die funksie van 'n pryssanger in inheemse seremonies is. (5)

5.6 Verduidelik kortliks wat die funksie van die storieverteller in enige van die inheemse dramas wat jy bestudeer het, is. (5)

5.7 Noem VYF elemente van 'n geïmproviseerde ('unscripted'), maar formele en gestruktureerde opvoering van 'n inheemse seremonie. (5)
**[52]**

**TOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou